HERBS

Nr. 92 **Junie 2009**

Hierdie fotogeïllustreerde nuusbrief verskaf die jongste botaniese nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit kom ook op ons webtuiste, www.fernkloof.com , voor.

VOORSITTERSVERSLAG

By Botsoc was dit die afgelope paar maande woelig. Baie tyd is in beslag geneem deur die aangeleentheid van die groot dreineringsloot wat deur die gholfbaan-gebiedsontwikkelaars in die Fernkloofreservaat gegrawe is. Dit is gedoen in ’n poging om ’n ontoereikende dreineringsontwerp in die omliggende grondgebied reg te stel, wat oorstroming nie net by huise dáár veroorsaak het nie, maar ook by huise onderkant Contourweg. Waarom hierdie regstelling in Fernkloof self gedoen moes word, eerder as in die omliggende grondgebied, bly ’n ope vraag, en die saak is nou verwys na die Provinsiale Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

’n Ander tydrowende aangeleentheid was die uiteindelike sluiting van die Boeremark by Fernkloof. Hierdie gewilde Saterdagoggend-geleentheid het nou na die Montessoriskoolgrond verhuis. Planne word beraam vir die herstelling van die gebied wat voorheen deur die mark beset was – hou hierdie ruimte dop!

Protea sulphurea

Twee baie suksesvolle en aangename uitstappies is hierdie jaar al deur Botstap onderneem – die eerste na die Weskus en die tweede na die Cederberg. Die foto van wat ek geïdentifiseer het as waarskynlik ’n *Protea sulphurea,* is na ’n wonderlike stap, in perfekte weer, saam met gewaardeerde makkers by die voet van die Malteserkruis geneem.

Onderhoud van die Fernkloofpaadjies is ’n voortdurende bron van kommer, maar ons was baie gelukkig , en is dankbaar, dat ons ’n gulle bydrae vanb PSG ontvang het wat oor drie jaar sal strek. Hierdie jaar se geld sal hoofsaaklik aangewend word vir die Rooi Roete, insluitend trappe wat die gevaarlike erosie van November verlede jaar sal omseil. Ons wil ’n versoek rig aan almal wat van die paadjies in Fernkloof gebruik maak om die versoeking te weerstaan van kortpaadjies neem deur die kronkels, al lyk dit goed uitgetrap en ’n aantreklike alternatief vir moeë voete. Hulle is die hoofoorsaak van erosie van die paadjies.

Daar was ’n bevredigende toeloop na die Botstoc se stalletjie by die Stokperdjiekermis wat by die Hermanus Primêre Skool gehou is; dank aan almal wat tyd opgeoffer het om daar diens te doen en vrae te beantwoord. Ons “Voorstelling aan Fynbos”-kursus is baie gewild by almal wat dit bywoon. Belle en Christa het soms van buitegewone taktiek gebruik gemaak om die boodskap oor te dra dat enigiets in die blommewêreld toelaatbaar is wanneer dit neerkom op stuifmeeldraers...

Ons staan aan die begin van beplanning vir die Blommeskou.; hierdie jaar s’n sal ’n “Blom- en Ekokermis” wees. Aan diegene van julle wat in die afgelope jare nie betrokke was by die suksesvolle aanbieding van ons belangrikste fondsvoorsiener nie – oorweeg asseblief om ’n helpende hand aan te bied. Ons het in der waarheid baie van hulle nodig! Dis ’n belangrike geleentheid op die gemeenskapskalender wat hierdie jaar van 17 tot 20 September 2009 aangebied sal word.

Terwyl ons die winter met ’n sug van verligting tegemoet gaan omdat nat weer en korter dae ons die geleentheid bied om ’n bietjie te rus na die harwar van die vakansieseisoen, dink aan die fynbos wat nie in so ’n luukse kan deel nie. Dis ’n kwessie van “alle seisoene voluit!”
Pat Miller.

ONDERHOUD VAN KLIPSPRINGER

Jack Bold, bestuurder van die Fernkloof kwekery, en sy span, Thulani en Isaac, het hulle goed van hul taak gekwyt met die herstel van die gebreekte handreling langs die Klipspringerpaadjie – enigeen wat daar die berg af wil val, sal baie vasberade moet wees om daarin te slaag!

Die paadjie het tydens die afgelope jaar gevaarlik geword om oor te steek en stappers moes aan gebreekte pale klou vir steun op die draai. Die “voor-en-daarna”-foto’s wys die puik werk wat gedoen is om die paadjie op die Klipspringervoetslaanpad te herstel.

FERNKLOOF BESOEKERSENTRUM

Volgens inskrywings in die besoekersboek het Fernkloof in ’n enkel week in Mei, uit ten minste tien oorsese lande besoekers gehad:
Ierland, Duitsland, VSA, Turkye, Switserland, VK, Holland, Kanada, die Tjeggiese Republiek en Oostenryk.

Die sentrum huisves deurlopend ’n uitstalling van botaniese spesimens, wat elke Donderdagmôre deur die ‘BotSocgroep’ gepluk word.

WAT BLOM IN FERNKLOOF?

Oxalis polyphylla

Oxalis luteola

Oxalis eckloniana

As jy op hierdie stadium die Fernkloofpaadjies bewandel, sal jy sekerlik die juweelagtige **Oxalis**-plantjies, meer algemeen bekend as Suring of Sorrel, raakloop. Hulle is ’n geslag (genus) meerjarige, laaggroeiende plante en in die laat herfs kan hulle met hul delikate, helderkleurige blomme ’n tapyt oor die grond vorm. Hulle hoort tot die familie **Oxalidaceae**. Ongeveer 500 spesies is wêreldwyd aangeteken waarvan 270 in Suidelike Afrika en omtrent 60 in die Wes-Kaap voorkom. In die Fernkloofherbarium is 17 Oxalisspesies gelys. Hulle blare is klaweragtig en die blomme in ’n knop gedraai. Hulle voer ’n slaapaksie uit deur saans of in betrokke weer toe te vou terwyl die blare van sommige spesies ook saans toevou. Baie van hulle is sluimerend in droë weer.
Oxalis is afgelei van die Griekse ‘oxis’ wat suur beteken en verwys na die suur smaak van die blare in baie spesies.Sommige van ons inheemse plante het in Mediterreense klimaatsomstandighede regoor die wêreld indringers geword, veral *Oxalis pes-caprae*

wat in Kalifornië beskryf word as ’n ‘onkruid uit die hel’ en oral in grasperke, krake in sypaadjies, geute en potplante aangtref word en selfs onderdeks uitspruit.

Oxalis pes-caprae *Oxalis versicolor*

Oxalis hirta *Oxalis obtusa*

OOR WITWORTELS EN GEELWORTELS

Die meeste van ons se naaste kennismaking met die plantfamilie **Apiaceae** is ’n bossie geelwortels. Hierdie familie kom wêreldwyd voor, veral in die noordelike halfrond en sluit welbekende groente en kruide in soos geelwortels, witwortels, pietersielie en seldery.

Notobubon galbanum *Hermas villosa*

Min, indien enige, van die Suid-Afrikaanse spesies skyn enige kombuisgebruike te hê, maar die familie sluit ’n aantal bekende plante in soos Bergseldery *Notobubon galbanum,* en *Hermas villosa* met sy geelwortelgeurblare. Tans word ons aandag egter in beslag geneem deur ’n genus wat slegs beskryf kan word as “onbestemd”, genoem **Annesorhiza.**

Na ’n jaar se opgewonde spoorhou van die ongelooflike blommeskoonheid waarin ons berge geklee is na die 2008-brand, vind ons skielik dat die skouspel verby is – sommige plante wat ’n jaar gelede geblom het, het weer geblom, ander nie. ’n Paar nuwes maak hul verskyning, maar oor die algemeen gaan die natuur bloot voort met die regenerasieproses, nou hoofsaaklik van saailinge wat eers oor ’n paar jaar sal blom.

Een plant het egter ons aandag getrek: ’n blaarlose stingel met ’n bloeiskerm van klein blommetjies, feitlik onmoontlik om waar te neem teen die naakte sand waarin dit gegroei het Ons het dit geïdentifiseer as *Annesorhiza,* spesie onbekend. Die Fernkloofherbarium het oor net een voorbeeld beskik wat egter nie geïdentifiseer kon word nie en die Kusherbarium , saamgestel deur oorlede Sheila Williams, het ’n voorbeeld van *Annesorhiza macrocarpa* met ’n skouspelagtige wortelstelsel. Dit was nie ons plant nie.

Annesorhiza sp. (onbekend)

A. macrocarpa wortelstelsel

Ons het ’n foto van die plant na Kirstenbosch gestuur waar dit groot belangstelling ontlok het en gelei het tot ’n besoek deur die plantkundige wat met hierdie groep plante gewerk het, Anthony Magee. Met sy studie van die materiaal in sy natuurlike omgewing, asook van plante uit ’n ander plantpopulasie wat ons daar naby gevind het, het Anthony tot die gevolgtrekking gekom dat ons nie een nie, maar twee spesies ontdek het. ’n Paar plante van elke soort is versigtig uitgegrawe en Kirstenbosch toe geneem vir verdere kweking om deeglik bestudeer te kan word.
Plante in hierdie familie word dikwels geïdentifiseer op grond van hul saadvorms, maar ook, in die geval van *Annesorhiza,* aan die blaarvorm. Ongelukkig is die blaar nie gedurende blomtyd teenwoordig nie – en natuurlik ook nie die saad nie! Dus moet buitengewone geduld beoefen word. Ons het vaste kolonies van hierdie plante op die berg wat gereeld besoek sal word, eerstens om saad te verkry en tweedens om ’n ogie te hou oor die voorkoms van blare, wat hopelik na die eerste goeie reën sal verskyn.

Dit blyk dat ons twee nuwe spesies het om by ons herbarium-versameling te voeg waarvan een klaarblyklik uiters skaars is en tot nog toe nie aangeteken is naby Hermanus nie. Ons sien uit na die bevestiging van die name sodat ons hulle by ons versameling kan voeg. **LB**

GALPINHUT

Botsoc-lede Claude en Loretta Steenkamp woon in Kaapstad; wanneer hulle naweke in Hermanus deurbring, word veel tyd in Fernkloof bestee, waar hulle ook baie ure se harde werk gewy het aan die herstel en opknapping van Galpinhut. Dit het herstel van lekkende dakke, beskadigde deure en vervanging van geute behels. Vensters, tafels, beddens en die watertenk is herstel en – baie belangrik – die ensiembeheerde toiletstruktuur is leeggemaak en vervang.Waarlik ’n liefdestaak. Hulle het die hut binne en buite geverf, nuwe beskermende luike voor die vensters aangebring en die gordyne gewas. Hulle het ook die hut vuurbestand gemaak deur plante te snoei wat teen die hut gegroei het. Hou in gedagte dat alle materiale en gereedskap na die hut opgedra moet word (en oortollige materiale en gereedskap weer af) en dat daar nie krag vir kraggereedskap is nie! Hulle moniteer die toestand van die hut gereeld en gaan minstens een keer per maand op ’n inspeksie-uitstappie.

Galpinhut is meeste naweke in gebruik en bied ’n wonderlike geleentheid aan stappers om versterk en verfris te voel na ’n nag van eenvoud en stilte, weg van die gewoel en gewemel van die stedelike lewe. Claude en Loretta se harde werk en toewyding aan die natuurlike omgewing maak dit steeds moontlik. Ons opregte dank aan hulle albei.

SMUTS DIE BOTANIKUS
(’n Uittreksel uit Piet Beukes se boek ”Smuts the Botanist”)

Alhoewel ek verlangs familie is, is dit nie die rede waarom ek (Piet Beukes) verkies het om in hierdie uitgawe ’n paar interessante brokkies met julle te deel oor Veldmaarskalk J.C. Smuts, die botanikus, nie. Jan Smuts het op ’n plaas in die Riebeeck-Kasteelgebied groot geword “waar hy ’n liefde ontwikkel het vir die veld, blomme en die blou Winterhoek- berge”. Op Stellenbosch-universiteit, waar hy in die regte studeer het, het hy ook ’n kursus in plantkunde gevolg “met dr. H. Marloth, die groot gees van Suid-Afrikaanse plantkunde, wat hom in taksonomie (sistematiek) onderrig het, as mentor. Afgesien van sommige lesings van hom wat hy bygewoon het, het hy ook vir dr. Marloth Saterdagmiddae in Stellenbosch rond, en in die berge, vergesel op soek na plantkundige spesimens.”

Smuts se belangstelling in plantkunde en blomme, plante en grasse het hom sy lewe lank bygebly, en hy het altyd die aandag van Suid-Afrikaners op die skoonheid en rykdom van die fauna en flora van Suid-Afrika gevestig.

In ’n toespraak in April 1936 by die Herfs Blommeskou in Kaapstad het hy gesê, “Ons gemeenskap waardeer nie die wonders van die natuur wat op ons uitgestort word nie. Ek is

bevrees ons is so vasgevang in die ekonomiese probleme en die groot taak om te lewe dat ons al die skoonheid, die rykdom wat die Natuur so mildelik meedeel, vergeet. Ek hoop die kinders sal onderrig word om te leer dat hierdie gewaarwording van skoonheid een van die kosbaarste besittings is....”

lewers in die 1930s het Smuts ’n vooraanstaande vroulike plantkundige uit die VSA , en ander, op ’n plantkundige ekspedisie vergesel. Toe die plantkundige ’n professor in die groep die naam van ’n grassoort vra, antwoord hy, “Ek weet nie. Vra daar vir die generaal.” Tot haar verbasing het hy dit nie net geïdentifiseer nie, maar hy het voortgegaan om die verspreiding en ekologiese agtergrond te beskryf. “Hoe verstaan ek dit”, roep sy uit, “dat ek hierdie alles nie van die professor nie, maar van ’n generaal leer?” Sy antwoord was, “Maar my liewe dame, ek is net in my vrye tyd ’n generaal.”
(Met dank aan die Suidelike Overbergtak van die Botaniese Vereniging)

SLOT

’n Eensame figuur wat ’n graaf enigsins handig hanteer het, is onlangs by die Mosselrivier-“brug”by Kwaaiwater gesien. Verbygaande vriende het bemoedigend uitgeroep, “Hoeveel betaal hulle jou, David?” “Het jy kleingeld vir R1?” Die voorsitter van die Fernkloof Adviesraad en stigter van die ‘Cliff Path Management Group’, David Beattie, het dit in ligte luim aanvaar en voortgegaan met ’n hoogs vaardige taak om sand op die sementpaadjie na die rivier, af te werk. Dankie, David, jou pogings word hoog waardeer!

DATUMS VIR DIE DAGBOEK

Vrydag 19 Junie

Giorgio Lombardi van Vogelgat-natuurreservaat gesels, hoofsaaklik oor sy ondervindings as ’n veldwagter wat die onlangse wydverspreide veldbrande beveg het.

Vrydag 24 Julie

Sop-en-sjerrie-aand.

Ons sal botaniese uittreksels uit ’n boeiende DVD oor die Richtersveld vertoon.

Alle vergaderings vind op die derde Vrydag van die maand om 19h00 in die Fernkloofsaal plaas.

Vir enige bydraes tot/terugvoerop die nuusbrief, skakel asseblief met die redakteur by botsochermanus@telkomsa.net

Lede wat hierdie e-pos ontvang word versoek om “e-vriende” te wees vir hulle wat nie toegang tot ’n rekenaar het nie.

Hermanus Botaniese Vereniging
Postnetsuite 167
Privaatsak X16
Hermanus 7200
Tel: 028 3130819